

Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk 2023 en 2024 retrospektief beskou deur prof Ilse Feinauer

Hier volg 'n kriptiese weergawe van die verloop van 2023 en 2024 met die fokus hoofsaaklik op die navorsingsuitsette van almal wat voordeel kon trek uit die Leerstoel.

Leerstoelhouer – Ilse Feinauer

Persoonlik

- Ondervoorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (tot September 2023)
- Voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (September 2023 voorgaande)
- Dien op die uitvoerende raad van:
 - European Society for Translation Studies (EST)
 - Unesco Global Chair for Language Policy for Multilingualism
- Universiteitsposisies:
 - Proessieleier by gradeplegtighede
 - Tree op as mentor vir jong dosent: Joanie Groenewald by Visuele Kuns
 - Lid van die Aanstellingskomitee van die Senaat
 - Lid van die Fakulteit se Komitee vir Hoër Grade en Navorsing
- Dien as keurder:
 - Boekhoofstuk vir Routledgeboek *Translation and Censorship*
 - Artikels vir o.a. *Language Matters*, *Translation Spaces*, *Perspectives in Translation Studies LitNet Akademies*, *TGW* en *Translation and Interpreting Studies*
 - Op die keuringspaneel van die Jan H Maraisprys
 - Op die keuringspaneel vir die NP van Wyk Louwprys (Akademieprys)
 - Keur PhD-voorstelle vir Akademiebeurse

Boekprojekte

Ek het deur die loop van die afgelope twee jaar aan verskeie boekprojekte gewerk wat almal binne die Leerstoeltema tuisgebring kan word. Ek is of mederedakteur van die boek en/of het aan 'n hoofstuk gewerk wat in die boek sal verskyn mits dit deur die keurders aanvaar word.

Die volgende boeke is gedurende die afgelope twee jaar gepubliseer:

- Feinauer, I. & Gouws, R. (reds.). 2023. *Fritz Ponelis en die Afrikaanse taalwetenskap*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Feinauer, I., Marais, A. & Adendorff, E. (reds.) 2023. Medegasredakteur vir 'n reeks artikels wat in *LitNet Akademies 2023* verskyn het. Alhoewel die werk grootliks in 2023 afgehandel is, verskyn daar nog enkele artikels in 2024.
- Feinauer, I., Marais, A. & Swart, M. (reds.). 2023. *Lexikos 33(2) – Rufus H. Gouws: 'n Huldeblyk / A tribute*. (medegasredakteur van tydskrif).
- Feinauer, I., Marais, A. & Swart, M. (reds.). 2023. *Translation flows: Exploring networks of people, processes and products*. Amsterdam, Philadelphia: Benjamins. (mederedakteur van boek).

Daar word tans nog aan die volgende twee projekte gewerk:

- **The Reality of Revision**
 - Ilse Feinauer en Claudine Borg (van die Universiteit van Malta) as mederedakteurs, met Annie Burger as redaksionele assistent.
 - John Benjamins aanvaar die voorlegging om die boek in 2025 te publiseer.
- **Binnenlandse vogels, buitenlandse nesten – The reception of translated Dutch literature internationally**
 - Die boek is gegrond op 'n internasionale projek onder leiding van KU Leuven om te kyk na die ontvangs van vertaalde literêre publikasies uit Nederlands in die betrokke land/taal van ontvangs. Afrikaans is een van die tale wat by die projek ingesluit word.
 - Uitgewer: Routledge Studies in Literary Translation
 - 'n Hoofstuk is saam met 'n oudstudent en vorige Vosloobeurshouer, Mareli Swart, geskryf. Die hoofstuk is getiteld “Translating a ‘meisjesboek’: Ideology and norms in the selection and translation of Guus Kuijer’s *Polleke* (2003) into Afrikaans (2017)”.
 - Die hoofstuk is voltooi en reeds vir keuring voorgelê.

Kongresse, kollokwiums en lesings

- Ontvang prof Luc van Doorslaer (Leuven en Tartu): Februarie 2023.
- Ontvang prof Mirella Agorni (Ca'Foscari Venesië): Julie 2023.
- Ontvang prof Sergia Adamo (Triëst): Augustus 2023.
- Woon in SAVI se driejaarlikse kongres in Stellenbosch by: September 2023.

- Woon Simposia van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria by: September 2023 en 2024.
- Ontvang prof Anthony Pym (Melbourne): Oktober 2023.
- Word genooi om die *CETRA Fall Lecture* in Antwerpen te lewer, wat 'n geleentheid is wat hoë aansien geniet en aan 'n hooflesing by 'n kongres gelykgestel kan word: 15 November 2023.
- Bied 'n nagraadse lesing in Vertaling by KU Leuven in Antwerpen aan: November 2023.
- Bied twee nagraadse lesings by die Universiteit van Triëst aan (by Vertaling en Nederlands): November 2023.
- Bied vier voorgraadse lesings by die Universiteit van Triëst aan (Dept. Nederlands). Die lesing vir die derdejaarstudente in Nederlands bied ek in Afrikaans aan: November 2023.
- Bied twee nagraadse lesings by Ca'Foscari Universiteit van Venesië in Treviso aan, met een van hierdie lesings wat ek saam met prof Anthony Pym aanbied: Desember 2023.
- Ek werk vyf dae intensief met twee PhD-studente en een nadoktorale genoot by die Ca'Foscari Universiteit van Venesië in Treviso: Desember 2023.
- Reël uitruilbesoeke vir November/Desember 2023 met Ca'Foscari Venesië vir vier PhD-studente: Maret Blom de Wet, Dalene Joubert, Ruchelle Lombard en Kanja van der Merwe. Drie van hulle is of was Vosloobeurshouers. Ruchelle Lombard staan in 'n voltydse beroep en het nie vir 'n beurs gekwalifiseer nie.
- Neem saam met Amanda Marais deel aan die tweejaarlikse ATISA-kongres (American Translation & Interpreting Studies Association) en lewer 'n referaat met die titel: "Total Woman: Existing and shared ideologies between conservative Americans and Afrikaners during the 1970s": 5 tot 7 April 2024.

Nadoktorale genote

Dr Danie Stander

Projek: Vertaling, skryf en teater: Nerina Ferreira (1921-2012): teaterpraktisyn, vertaler en skrywer.

Hy voltooi teen 2022 sy nadoktorale genootskap, maar publiseer in 2023 nog twee artikels wat vanuit dieselfde projek voortvloei:

- “[L]aat my so hard skel tot die valse vrou’: Voorstellings van vroulikheid in Anna Neethling-Pohl se Afrikaanse vertalings van William Shakespeare se

Julius Caesar en Antony and Cleopatra” is in *LitNet Akademies* Jaargang 20(3) gepubliseer.

- “‘Vroue kan hul ook verweer en leer om sondaars mak te maak’: ’n Bespreking van Nerina Ferreira se vertalerstem in haar Afrikaanse vertaling van *Die lustige weiber von Windsor* as *Die vrolike vroue van Windsor*” is in die *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, die 29ste Jaargang 2de Uitgawe, gepubliseer.

Dr Annie Burger

Projek: Die sosiale en kontekstuele faktore wat gewone taal beïnvloed

Sy begin in September 2023 met die postdoktorale genootskap en neem deur die loop van 2024 aan ’n paar kongresse deel:

- “Gewone taal binne ’n revisieraamwerk” is voorgedra by USAN, ’n kongres vir jong navorsers, wat tussen 24 en 26 Januarie 2024 by die Universiteit Stellenbosch plaasgevind het.
- “The realities of a plain language project” is voorgedra by die vyfde internasionale kongres *Translation and Interpretation Studies* (TRANSLATA V) wat van 19 tot 21 September 2024 in Innsbruck plaasgevind het.
- “The actors at play within a plain language project” is voorgedra by die internasionale kongres *Linguistics Beyond and Within* wat op 17 en 18 Oktober 2024 in Lublin plaasgevind het.

Hier volg ’n lys werktitels van artikels waaraan dr Burger deur die loop van 2024 gewerk het en wat reeds vir keuring voorgelê is of wat gedurende 2025 vir keuring voorgelê sal word:

- Plain language within a revision framework (reeds op 25 September by *SPiLPlus* ingedien en wag nog op terugvoer)
- The realities of a plain language project (voorgelê as boekhoofstuk vir *The reality of revision*)
- Variëteite van Afrikaans in gewonetaaldokumente (besig met data-insameling)

Beurshouers

PhD (drie jaar)

- Maret Blom de Wet – PhD in Vertaling met onderwerp: *Die akademiese redigeerder as akteur binne die netwerk van akademiese redigering aan Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings: Gevallestudies*. Sy het vanjaar met haar

doktorale studie begin en toon goeie vordering. Sy behoort einde 2026 vir eksaminering in te dien. Sy ontvang die Vosloobeurs in 2024.

- Anke van der Merwe – PhD in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: *'n Diakroniese korpusondersoek na die voorkoms van laatwerk in die poëtiese oeuvre van Breyten Breytenbach*. Sy ontvang in 2022, 2023 en 2024 die Vosloobeurs en het vanjaar vir eksaminering ingedien.
- Kanja van der Merwe – PhD in Vertaling met onderwerp: *'n Tolkaanleerstrategiemodel uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding*. Sy ontvang in 2022, 2023 en 2024 die Vosloobeurs en het vanjaar vir eksaminering ingedien.

MA (twee jaar)

- Maryna Adshade – MA in Leksikografie met onderwerp: *Die Aanlyn Woordeboek van die Afrikaanse Taal se hantering van sensitiewe leksikale items wat verband hou met gestigmatiseerde seksuele verskynsels*. Sy ontvang in 2023 en 2024 die Vosloobeurs. Vanweë die omvattendheid van die werk en vordering dien sy en haar studieleier vroeër vanjaar 'n aansoek in om die magisterstudie in 2025 as doktrale studie voort te sit. Die aansoek is goedgekeur.
- Marlé-Zanne Barnard – MA in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: *'n Sielkundig-feministiese ondersoek na trauma en die geleefde ervaring van die vroulike karakters in *Hy kom met die skoelappers* en *Kompoun**. Sy het vanjaar met haar studie begin en toon goeie vordering. Sy behoort einde 2025 vir eksaminering in te dien. Sy ontvang in 2024 die Vosloobeurs en sal dit weer in 2025 ontvang.
- Cameron Benjamin – MA in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: *Affektiewe en kulturele faktore wat die aanleer van Afrikaans as eerste addisionele taal (EAT) onder hoërskoolleerders beïnvloed: 'n Gevallestudie*. Hy het vanjaar met sy studie begin en toon goeie vordering. Hy behoort einde 2025 vir eksaminering in te dien. Hy ontvang in 2024 die Vosloobeurs en sal dit weer in 2025 ontvang.
- Allison Matroos – MA in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: *'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak aan die hand van die taakgebaseerde benadering*. Sy ontvang in 2022 en 2023 die Vosloobeurs en voltooi haar studie einde 2023 met 'n punt van 65. Sy is tans ingeskryf vir 'n PhD in Afrikaans en Nederlands.
- Mareli Swart – MA in Vertaling met onderwerp: *Gesubsidieerde Nederlandstalige fiksie in Afrikaans: Die seleksie en produksie van Esther Verhoef se *Lieve Mama* as gevallestudie*. Sy ontvang in 2022 en 2023 die

Vosloobeurs en voltooi haar studie einde 2023 met 'n onderskeidingspunt van 77. Sy ontvang ook hiervoor die Marius Jooste-prys vir die beste magisterverhandeling in Afrikaans.

- Lerie Tredoux – MA in Vertaling met onderwerp: Die agentskap van 'n vertaler in die veld en produksienetwerk van literêre vertaling: 'n Gevallestudie. Sy ontvang in 2023 en 2024 die Vosloobeurs en het vanjaar vir eksaminering ingedien.

Honneurs (een jaar)

Die volgende studente ontvang in 2023 die Vosloobeurs:

- Charlton Andrew – Afrikaans en Nederlands. Hy slaag met 'n punt van 65.
- Marlé-Zanne Barnard – Afrikaans en Nederlands. Sy slaag met 'n punt van 73 en behaal die hoogste punte van alle honneursstudente in Afrikaans en Nederlands vir 2023, en ook die hoogste punt van albei honneursprogramme (Afrikaans en Nederlands; Taalpraktyk) vir haar navorsingswerkstuk. Sy gaan voort met 'n MA-studie.

Die volgende studente ontvang in 2024 die Vosloobeurs en behoort einde vanjaar hulle honneurs te voltooi:

- Anouk Cronjé – Afrikaans en Nederlands.
- Martine Odendal – Afrikaans en Nederlands.
- Mitculay Swarts – Taalpraktyk.

Slotwoord

Hiermee my innige dank aan Ton en Anet Vosloo vir die beskikbaarstelling van die fondse om nie net mense wat met taal werk se loopbane te bevorder nie, maar ook die taal, Afrikaans, self te ondersteun. Dit is verstommend om die aantal navorsingsuitsette te sien wat tot dusver reeds deur die ondersteuning van hierdie fondse voltooi is. Dit is ook verblydend om te sien hoe goed die studente presteer wat Vosloobeurshouers is en dan wonder mens of hulle in staat sou wees om hulle studies te kon voortsit as dit nie vir die Vosloobeurse was nie.

29 Oktober 2024